

31 Julie 2014

Jaargang 7 – Uitgawe 24

## In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad



Teken in op die e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

• Stuur 'n e-pos aan [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za)

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za)

## VOORBLAD

### Brugbediening in 'n tyd van oorgang

Die Interministry Network het onlangs hul 34ste konferensie gehou in St Louis, Missouri. Die tema van die konferensie was *New ways of being – leading ministry in a transitional era*. Ds Hannes Janse van Rensburg van Gemeente Zuurfontein was die enigste verteenwoordiger uit Afrika.

Die IMN is 'n internasionale en interkerklike organisasie wat navorsing doen oor brugbediening, opleiding van brugpredikante behartig en in die praktyk 'n ondersteuningstelsel bied. Brugpredikante is die spesialispredikante wat vir 'n spesifieke tyd na 'n gemeente geroep word om 'n oorgangsfase te fasiliteer. Dit is veral waardevol in gevalle waar gemeentes vakant raak of 'n nuwe sosio-ekonomiese werklikheid in die gesig staar, waar nuwe bedieningsmoontlikhede ontgin moet word, waar leierskap verander word en waar gesoek word na 'n nuwe vorm van kerkwees in 'n spesifieke konteks. Die brugpredikant ontdek saam met die gemeente waar hulle is, en beweeg saam na 'n moontlike nuwe werklikheid. Dit loop gewoonlik uit op die beroep van 'n predikant wat inpas by die gemeente se nuwe werklikheid.

By die konferensie was daar 135 afgevaardigdes uit 21 denominasies. Die ekumeniese saamwees was iets spesiaal wat ek nog lank sal koester. Wandel in die Woord was verrykend en ek het teologies nêrens bedreig gevoel nie – trouens, ek kon ten volle en onbevangende deelneem. Daar is netwerke gevorm wat ook tot voordeel van die Hervormde Kerk sal strek.

Daar was die gewaarwording dat ons oral in die Christelike kerk, regoor die wêreld, met dieselfde vreugdes leef en met dieselfde uitdagings stoei. Die kerk worstel bykans oral daarmee dat ons van die middelpunt van die samelewing geskuif is na die rand van die samelewing. Mense leef makliker sonder die kerk as saam met die kerk. Die wêreld ekonomie verarm die kerk. Oral worstel ons met die nuwe werklikheid van klein gemeentes, samewerkende gemeentes en sterwende gemeentes.

Volgens dr Andrew Irvine met sy bydrae *Care for the Caregiver – living life with integrity in an era of transition* word 'n gemeente se kerkwees onder andere bepaal deur die geestelike, emosionele en fisiese gesondheid van die predikant. Ook in ons Kerk word dit meer en meer besef en sal in die toekoms toenemend daaraan aandag gegee moet word. Elke predikant moet egter die verantwoordelikheid aanleer om na hom- of haarself te kyk. 'n Paar belangrike oorlewingstake is geïdentifiseer: gesonde verhoudings (met God, jouself en jou medemens), tyd om te reflekteer, studieverlof, bywoning van studiegeleenthede, verlof, balans.

Ds Will Mancini het gepraat oor *The new rules of vision*. Lees meer oor hierdie briljante predikant, ingenieur en bemarkingskonsultant se visie op die kerk in sy boek *Church Unique*. Hy het veral klem gelê op elke gemeente se eie unieke konteks en gewaarsku teen die nabootsing van ander sogenaamd suksesvolle gemeentes. Hy wys daarop dat leierskap nie altyd die vermoë het om gemeentes in hierdie veranderende tye te lei nie. Dit help nie 'n gemeente het 'n visie maar leef nie daardie visie nie. Daarom is dit uiters belangrik dat gemeentes waardes sal identifiseer en daarvolgens sal leef.

Dr Molly Smith het aangetoon dat nuwe navorsing en studie in die praktyk daarop dui dat ons in brugbediening nie meer werk met stappe van brugbediening nie, maar met fokusareas. Hierdie fokusareas is eenvoudig, maar tegelyk ook kompleks. Dit volg nie noodwendig op mekaar nie en moet oorvleuelend aangewend word. Wat is hierdie fokuspunte? Kyk na die geskiedenis van die gemeente, ontwikkel leierskap, gemeentelike strukture, sterk kontak met kerklike strukture en nuwe identiteit, en beweeg vorentoe.

Daar was nog werksinkels en seminare waaroor ons sou kon gesels. Vir nou moet ons aan die werk spring en die moontlikhede wat brugbediening ons bied, vir die Hervormde Kerk ontgin.

Ds Hannes Janse van Rensburg  
Zuurfontein

## Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk [www.nhka.org](http://www.nhka.org)  
Die Hervormer [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za)  
e-Hervormer [www.hervormer.co.za/e\\_Hervormer.html](http://www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html)  
Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za)

## PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za). Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.



Ds Francois Evert

- **Gemeente Declercqville** in Klerksdorp spog met hul predikant, **ds Francois Evert**, wat op Sondag 1 Junie die Comrades Marathon vanaf Pietermaritzburg na Durban in 12 uur 8 minute voltooi het. Ds Evert (52) het 23 jaar gelede, in 1991, ook aan die Comrades deelgeneem van Durban na Pietermaritzburg. en dit in 9 uur 41 minute voltooi en 'n bronsmedalje ontvang. Wat besonders is, is dat hy eers in Januarie 2014 ernstig begin oefen het, met vanjaar se Comrades in sy visier. Asof dit nie genoeg is nie, het hy op 8 Desember 2013 ook aan 'n perde-uithouwedloop oor 50 km deelgeneem en dit ook voltooi. In albei wedlope het die gemeentelêde hom geborg en is 'n mooi bedrag ten bate van gemeentefondse ingesamel. As dankbetuiging het die gemeente op Sondag 8 Junie 'n gesellige kuier gereël vir na kerk in die gemeentesentrum.



Ds Marius Bacon gereed vir 'n lang sit

- **Ds Marius Bacon** van **Gemeente Warmbad** het 'n weddenskap met sy gemeente verloor en moes vir 24 uur op die kerk se dak *kampeer*. Hy het lidmate tydens die onlangse Bosveldfees beloof dat hy vir 24 uur op die kerk se dak sal sit indien hulle R200 000 of meer tydens dié fees kan insamel. Op Vrydag 27 Junie moes hy vroegoggend die leer uit die kerksaal gaan haal en homself op die kerk se dak tuismaak. Hy het vir hom 'n mobiele kantoor, 'n tent en warm klere aangeskaf om die tyd om te kry. Van die lidmate was besorg oor sy gesondheid daar bo in die koue, en ds Bacon het toe 'n ander uitdaging aan hulle gestel: Indien hulle 100 komberse en 100 blikkies nie-bederfbare kos vir behoeftiges sou insamel, sou hy nie op die dak klim nie. Teen Vrydagoggend was daar egter nie genoeg komberse en kos ingesamel nie, en het hy die dak bestyg. Die komberse en kos wat ingesamel is, is geskenk aan die mense van Rustenburg wat erg deur die onlangse mynstaking geraak is.



Dr Sanrie de Beer

- In Bybel-Media se tydskrif *LiG*, in die Augustus 2014-uitgawe, verskyn 'n onderhoud met vier vroue wat by die Bybelgenootskap van Suid-Afrika se vertaling van die Nuwe Testament en Psalms betrokke was. Een van dié vroue is **dr Sanrie de Beer** van **Gemeente Philadelphia**, wat die eksegeet was vir die boek Jakobus. Dié Bybelboek was ook die fokus van haar doktorsale navorsing in Grieks en Latynse Studies. Dr Sanrie sê die moeilikste deel van haar opdrag was miskien om die rekenaarprogram wat die medewerkers gebruik het, onder die knie te kry!

- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES.** Familie, vriende, die gemeente en individuele lidmate kan 'n belangrike bydrae lewer om die bejaarde so lank moontlik aktief betrokke te hou deur onder andere om te sien na gesonde vryetydsbesteding, tuishulp waar nodig en roetine oop-oor-besoeke. Elke bejaarde wil graag nog gehoor word! Vir meer inligting, kontak jou diaken of die ADV se Werkgroep vir Bejaardes (die AGB) by 082 786 8448.

- **TEOLOGIESE OPLEIDINGSFONDS.** Die **deurkollekte van Sondag 3 Augustus** word ook (soos dié van 27 Julie) aan die Teologiese Opleidingsfonds afgestaan. Gemeentes betaal die deurkollekte oor in die Fonds se rekening by ABSA: Teologiese Opleidingsfonds, rekeningnommer 404 863 2649.

- **HOOF: HERVORMDE TEOLOGIESE KOLLEGE**  
Die sluitingsdatum vir aansoeke vir die pos van **Hoof van die HTK** by die Universiteit van Pretoria is **Donderdag 31 Julie 2014**. Die aansoeke moet ingedien word by mnr Piet Beukes, per faks by 086 630 5150 of per e-pos by [piet@nhk.co.za](mailto:piet@nhk.co.za). Al die nodige inligting is beskikbaar in die vorige vier uitgawes van die *e-Hervormer*. Vind dié uitgawes by [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za) → e-Hervormer → Argief.



- **PREEKBEURTE IN DULLSTROOM.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die gemeente bied gratis verblyf vir 'n **predikant en sy/haar gade** in ruil vir die gratis preek; **een** voorskoolse kind kan gehuisves word. Daar word voorsien vir **twee nagte**; indien u 'n ekstra nag wil oorbly en ekstra mense bring, moet u dit **vooraf** met Jan Bette by 073 790 3357 bespreek; die derde nag en ekstra mense is op u eie koste. Kontak Johanna by 072 116 3353 of [nhkdullstroom@gmail.com](mailto:nhkdullstroom@gmail.com).
- **NUUT IN SENTIK SE BOEKWINKEL.** Drie nuwe Bybelkor-boeke is nou in die Boekwinkel beskikbaar: *Gestuur. Kerk-wees tussen gister en môre* van Nelus Niemandt en Piet Meiring teen R40; *Van voor die wieg tot na die graf. Rituele roetemerkers vir die drumpels van die lewe* van Cas Wepener teen R100; en *Wonderwêreld. Jesus se woorde in Matteus oor die koninkryk van God* van Andries Cilliers, Johann du Plessis en ander teen R60. In al die gevalle sluit die prys posgeld uit. Bestel by mev Susann van Zyl, 012 322 8885 x291 / faks 086 633 4054 / [sentik@nhk.co.za](mailto:sentik@nhk.co.za).
- Die **Kerkbybel** is ook steeds by **SENTIK se Boekwinkel** beskikbaar teen **net R100 (posgeld uitgesluit)**. Kry die volledige 1983 Nuwe Afrikaanse Vertaling van die Bybel, die Liedboek in groot druk, en die belydenisskrifte in een band. Bestel ook van mev Susann van Zyl.

## Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Vrydag 12 tot Sondag 14 September**  
**Gemeente Philadelphia is 50 jaar oud en vier fees**  
Alle oudlidmate welkom  
*Vrydag 12 September:* Duitse kuieraand  
*Saterdag 13 September:* Basaar en *Amazing Race*  
*Sondag 14 September:* Dankdiens  
Navrae aan Elize by 012 362 7237 of [philadelphia@nhk.co.za](mailto:philadelphia@nhk.co.za)
- **Sondag 14 September: Gemeente Swartkop**  
**Emeritaataanvaarding van ds Dries Beukes**  
Prof Theuns Dreyer sal namens die Kommissie van die AKV optree  
Mnr Elmar Struwig sal namens die Raad van Finansies groete oordra  
Oudl Jan Beukes van die Kommissie van die AKV (en broer van ds Dries) sal ook teenwoordig wees
- **31 Januarie 2015: Gemeente Horison Roodepoort word 50 jaar oud**  
*Vrydagaand 30 Januarie:* Kamermusiek met klassieke musiekuitvoeringe  
Navrae aan Jenneke ter Wolbeek by 082 687 2291  
*Saterdag 31 Januarie:* Potjiekoskuier by die kerk  
*Sondag 1 Februarie om 09:00:* Nagmaaldiens  
Alle oudlidmate en belangstellendes word hartlik uitgenooi  
Navrae aan dr Gerhard Nel by 082 8235 074 of [gnel@nhk.co.za](mailto:gnel@nhk.co.za)

## Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 8 Augustus, en word hartlik geluk gewens:**
  - o Donderdag 31 Julie: Dr JH (Jan) Vorster (Olifantsfontein)
  - o Sondag 3 Augustus: Ds DZ (David) du Plessis (Wonderboom-Suid)
  - o Maandag 4 Augustus: Di JJ (Jan) Claassen (Naboomspruit) en PS (Stephan) van Tonder (Gobabis)
  - o Dinsdag 5 Augustus: Ds PW (Duwies) Duvenage (Barberton)
  - o Woensdag 6 Augustus: Dr S (Stephan) Hoffman (Bybelgenootskap) en ds RG (Renier) Lee (siekte-emeritaat)





- o Donderdag 7 Augustus: Prof LJS (Lourens) Steenkamp (emeritus), di HJ (Kobus) Celliers (Brits), EJ (Rassie) Smit (emeritus) en JAP (Johans) van Tonder (Balfour)
- o Vrydag 8 Augustus: Ds JB (Jan) Schutte (siekte-emeritaat)

## 'n Gedig vir laatwinter

### Winter, weer

*Voor die koue lae grou  
is Sondagmiddag op sy knieë.  
Terwyl die son vieruur al misluk  
tot 'n netjiese bloedkol  
so groot soos 'n vyftigsentstuk  
gee die kaal stad se bome oor.*

*Ek en Jy is te min  
in dié stilte.  
Die wekker op die bedkassie  
hoor jy tot in die woonkamer  
tik tik.*

Danie Marais

(Uit: *in die buitenste ruimte* 2006. Hierdie debuutbundel is in 2007 bekroon met die Eugène Marais-prys, die Ingrid Jonker-prys en die Universiteit van Johannesburg-debuutprys)

## Beplande vergaderings

- o Donderdag 31 Julie: ADV Dagbestuur
- o Vrydag 1 Augustus: Raad van Finansies
- o Maandag 4 Augustus: Raad vir SENTIK  
Redaksie van die *Almanak*  
Tugkomitee
- o Dinsdag 5 Augustus: Nagraadse Beurskomitee  
Kuratorium  
Tugkomitee
- o Donderdag 7 Augustus: OSR Personeeldag  
TOIBO

## Kursusse en toerusting


- **HTK: Gesprek met die Bybel: Woensdag 6 Augustus 19:00 by UP**  
Tema: *Seksualiteit*, ingelei deur prof Yolanda Dreyer  
Almal welkom  
Bevestig asseblief vooraf by mev Betsie Brits by 012 420 5393
- **Simposium oor die lewe en teologie van Rudolf Bultmann**  
**Woensdag 20 Augustus** 09:00 tot 14:30 by die Sinodale Kerkkantoor  
(Bultmann is op hierdie datum 130 jaar gelede gebore)  
Aangebied deur die *Tydskrif vir Hervormde Teologie (THT)* en die Hervormde Teologiese Kollege (HTK)  
Kort voordragte deur drr Gert Malan, Piet Boshoff, Gafie van Wyk, Jaco Beyers, proff Andries van Aarde, Ernest van Eck, Natie van Wyk en ds Elritia le Roux  
Die volledige referate sal in die *THT* 2014(3) gepubliseer word  
Die verwerkte voordragte sal in die *HTS* gepubliseer word  
Almal welkom  
Laat weet prof Natie van Wyk ([aim1@mweb.co.za](mailto:aim1@mweb.co.za)) indien u gaan bywoon

## Gemeentes van die Nederduitse Hervormde Kerk:

Kom neem deel aan die toetsproses vir KitsKerk  
(nuwe gemeenteadministrasie- en inligtingstelsel  
wat tans ontwikkel word)

Registrasiegelde van R50 eenmalig betaalbaar  
ongegag op hoeveel rekenaars  
gemeente die program wil toets

Besoek [www.kitskerk.com](http://www.kitskerk.com)  
vir inligting of om te registreer



## Allegaatjie

*Gedigte skryf is 'n bietjie soos adverteer in die hoekie vir eensames. Of soos om konfynt te maak en goed in te lê. Of soos om die rumoer vir 'n oomblik te laat stil word.*  
(Danie Marais)

## Konserte en feeste

- **Vrydag 1 Augustus: Gemeente Bronkhorstspuit  
Musiekaand met Jakkie Louw**  
Plek: De Oude Werf  
Tyd: 18:30 vir 19:00  
Kaartjies: R100 per persoon, R50 vir laerskoolkinders  
Navrae: 013 932 2929 / 083 448 9563
- **Saterdag 23 Augustus 18:30 vir 19:00  
Gemeente Benoryn: Yoti die Griekse Boertjie**  
R150 per persoon  
Kontak ds Marlize Gasson by 072 117 0317 of  
Annette by 011 849 1179 of 079 499 5393
- **Saterdag 23 Augustus: Gemeente Noordelike Pretoria word 80  
Optrede van Liza Brönnner**  
10:00 in die kerkgebou  
Daarna plaasontbyt en lekker kuier (sap en koffie ingesluit)  
R100 vir volwassenes, R60 vir persone bo 65 en laerskoolkinders  
(voorskoolkinders gratis)  
12de Laan 512, Gezina, Pretoria  
Bespreek by Marian Jordaan 082 937 7562  
of gemeentelike kerkkantoor 012 335 9148
- **Vrydag 5 September: Gemeente Montana  
Konsert met Burgerd en Zita**  
Ten bate van barmhartigheid in ring van Noordelike Pretoria  
Wegneemetes vanaf 17:00, konsert 18:30  
Volwassenes R80, kinders R30  
Kaartjies beskikbaar by Montana-kerkkantoor 012 567 1753

## Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Rooihuiskraal: 4x4-pretdag vir die hele gesin  
Saterdag 2 Augustus**  
'n Kosstalletjie en springkasteel vir kinders met volwasse toesig  
terwyl ouers die roete ry  
Inligting en besprekingsvorme by [www.ebs4x4.co.za](http://www.ebs4x4.co.za)

- **Gemeente Sasolburg-Suid: Vakansie te wen: 15-19 September 2014**  
Selfsorg by Crystal Springs vir 4 volwassenes en twee kinders  
Slegs R50  
As jy kan doen met 'n blaaskans, kontak Tobie by 083 327 1500
- **Bulawayo: Gemeente-hulpfonds 2014: Kompetisie**  
Vir pastorale bediening aan bejaarde en behoeftige lidmate  
Wen vleis of kontant – vleis sal deur u naaste slaghuis gelewer word  
Inskrywings in veelvoude van R20  
**Trekking Saterdag 6 September 2014**  
Navrae aan Marlene van der Merwe in Pretoria: 072 436 6714



- **Gemeente Hartbeesfontein: Wen-wen-wen-kompetisie 2015**  
Koop 50 kompetisieboekies (11 kaartjies per boekie) = totaal van 550 kaartjies  
Kaartjie kos R100 – dus 50 boekies = R55 000 in kontantwaarde  
Betaal slegs R5 000 vir 50 boekies (550 kaartjies)  
Samel vir uself, u gemeente, skool, instansie of klub R50 000 in  
Verskeie pryse (vleisbeeste, kontant, rekenaar, diamant, ens)  
Verkoopte kaartjies moet die gemeente **teen 15 Mei 2015** bereik  
Kontak skriba Manus van Staden by 082 707 9398

## Basaars en markte

- **Saterdag 2 Augustus: Gemeente Randfontein Midpark: Omdraaifees**  
Regte basaarkosse te koop, witolifanttafel, veilings...  
Boot om te wen – lootjies beskikbaar by die fees  
Ontdekkerswedloop vir dié wat jonk en sterk van gees is  
*Dunk tank* vir dié wat 'n goeie sin vir humor het  
Van 10:00 tot laat by 18 Tortertelduifstraat, Helikonpark, Randfontein  
Navrae by gemeentelike kerkkantoor 011 692 3236
- **Vrydag 29 en Saterdag 30 Augustus: Oesfees op Ottosdal**  
*Vrydagaand:* Met **Manie Jackson** en 'n ete op die Oesfeesterrein  
*Saterdag:* Uitstallers, lekkernye, hope vermaak vir die kinders  
Navrae aan gemeentelike kantoor by 018 571 0200 / [ottosdal@nhk.co.za](mailto:ottosdal@nhk.co.za)
- **Saterdag 30 Augustus: Gemeente Ventersdorp: Basaar**  
Gesinsdag vir almal, baie te ete en te drinke  
Vleis te koop – onder meer heerlike wors en sosaties  
Navrae aan mev Hermie Maree by 018 264 2245 / 082 353 6555
- **Saterdag 30 Augustus: Gemeente Mafeking: Basaar**  
Tema: *Reënboogfees*  
09:00 tot 15:00 op die kerkterrein, hv Tillardstraat en Nelson Mandelaweg  
Handwerkartikels, tuisgebak, plante en troeteldiere te koop



Speletjies vir die jongspan

Veiling van onder andere plaaslik vervaardigde houtwerkartikels

Besoek die restaurant en kosstalletjies – uitsluitlik deur gemeentelêde bedryf  
Navrae oor fees aan Kallie en Nelia Landsberg

079 893 9031 / 083 665 6239

**Nie-kosstalletjies** teen R200 elk beskikbaar

Kontak Magda by 0828251913 of [magda.redelinghuys@gmail.com](mailto:magda.redelinghuys@gmail.com)

- **Saterdag 25 Oktober 09:00-17:00: Gemeente Kempton Park-Oos Kontreifees met kunstenaars** Willem Botha en Monique  
Verskeie uitstallers (daar is nog plek vir uitstallers – kontak ons gerus)  
Kosstalletjies en vermaak vir kinders  
**Toegang:** R50 per volwassene, R25 per laerskoolkind, voorskool gratis  
Navrae aan ds Anneline Geyer by 082 924 7344 / [anneline@kpo.co.za](mailto:anneline@kpo.co.za)

## ANDER NUUS

- **Maandag 18 tot Donderdag 21 Augustus: Werkswinkel (15 VBO-punte) Petra Instituut vir Kinderbediening, Witrivier**  
*Op pad na 'n kerk waar kinders (en volwassenes) welkom is*  
Gerig op kerkleiers (leraars)  
Sluitingsdatum vir inskrywings **31 Julie**  
Kontak die registrateur Riana Boshoff  
013 751 1166 x223 (kantoorure) / 073 897 3783  
[rboshoff@petra.co.za](mailto:rboshoff@petra.co.za)
- **Insig Vaardigheidsopleiding: Studente van 15 jaar tot baie oud**  
Kursusse in sweistegniese, konstruksiestaalwerke, ketelmakery / verkoeling / haarkappery en skoonheid  
Billike pryse, kampus in Naboomspruit op wildsplaas met verblyf  
Volgende volwaardige kursus **22 September tot 31 Oktober**  
Vakansie-kortkursusse ook vir skoliere  
Navrae aan dr Tom Theunissen 082 291 7490 (sweis)  
Mnr B Bosman 084 586 0500 (verkoeling)  
Me L Erkhe 061 610 9814 (hare/skoonheid)
- **OSR TIENERKAMP 2014.** Ons is hard aan die werk en beplan vir die 15de tienerkamp van die Ondersteuningsraad. Dit vind plaas van **6 tot 10 Oktober 2014**. Buiten vir die gewone pret en plesier gaan ons ook fokus op die bemagtiging van ons tieners. Knelpunte is geïdentifiseer – portuurgroepdruk, boelie, seksualiteit, die impak van sosiale media op ons kinders se weerbaarheid veral teenoor kinderhandel en seksuele uitbuiting. Ons doel is om ons tieners te bemagtig, nie net vir die jaar wat kom nie, maar ook vir hul lewenspad vorentoe. Indien u 'n kenner is op die gebied van een van die onderwerpe en 'n bydrae wil maak of dalk iemand ken wat kan help, kontak ons asseblief. Navrae aan Suzanne van Deventer, 012 322 8885 x302 / [oraad@telkomsa.net](mailto:oraad@telkomsa.net).
- **Maandag 13 Oktober 08:30 tot 16:00**  
**Seminaar: Teks, kateder, kansel**  
Noordwes-Universiteit Potchefstroomkampus  
R350 per persoon voor 1 Oktober  
Navrae aan dr Jacobus de Bruyn by 072 606 1661  
of Elmien Scott by 018 299 1607

Lesers kan kort kommentaar (**uiters 100 woorde**) stuur aan [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za). Anonieme bydraes word nie gebruik nie, en die finale besluit oor plasing berus by die redakteur.

## Advertensies in die e-Hervormer

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die e-Hervormer geplaas word. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie wees nie. Stuur die voorgestelde teks van nie meer as 110 woorde met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za). GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie. Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die e-Hervormer word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge. Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + e-Hervormer Ads. Neem asseblief kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

## AGTERBLAD

### Gebed vir die week

Ek bid vir die seën van u lig,  
lig van binne en van buite,  
seën van die son op my  
wat my hart verwarm totdat dit gloei  
soos kole in 'n kaggel op 'n laat winternamiddag.  
En mag die seën van u lig uit my oë skyn,  
soos kerse uit die twee vensters van 'n huis  
wat die wandelaar nooi om in te kom uit die storm.

*(Ierse gebed)*

